# Bestuursriglyne vir die toepassing van die koshuisplasingsbeleid vir die 2024-inname van studente

*Hierdie dokument ondersteun **die beleid vir plasing in koshuise en luister-leef-en-leer-(LLL-) huise asook toewysing aan pendelstudentegemeenskappe en klusters** en word jaarliks aangepas. Die riglyne vir die 2024-inname sal op die webtuiste vir voornemende studente ([www.maties.com](http://www.maties.com)) en vir huidige studente ([my.sun.ac.za)](http://my.sun.ac.za) gepubliseer word*

---

**INHOUDSOPGAWE** **BLADSY**


| | | |
|---|---|---|
| **1.** | **INLEIDING** | 3 |
| **2.** | **VOORNEMENDE EERSTEJAARSTUDENTE IN VOORGRAADSE KOSHUISE** | 4 |
| 2.1 | Plasingskriteria vir eerstejaarstudente in voorgraadse koshuise | 4 |
| 2.2 | Prosedures en reëls van toepassing op die plasing van voornemende studente | 5 |
| 2.3 | Prosedures en reëls van toepassing op die bestuur van waglyste vir voornemende studente | 9 |
| 2.4 | Prosedures en reëls van toepassing op die kansellasie van verblyf voor die aanvang van die akademiese jaar (voornemende studente) | 10 |
| **3.** | **SENIOR STUDENTE IN VOORGRAADSE KOSHUISE, SENIOR KOSHUISE, STUDENTEHUISE EN/OF LUISTER-LEEF-EN-LEER-(LLL-)HUISE** | 11 |
| 3.1 | Algemene reëls ten opsigte van heraansoek en herplasing | 11 |
| 3.2 | Prosedures en reëls van toepassing by die heraansoek en herplasing van senior studente in voorgraadse koshuise (Stellenboschkampus) | 12 |
| 3.3 | Waglysbestuur vir voorgraadse koshuise (Stellenboschkampus) | 15 |
| 3.4 | Prosedures en reëls van toepassing op die plasing van senior studente in senior koshuise (Stellenboschkampus) | 15 |
| 3.5 | Waglysbestuur vir senior koshuise (Stellenboschkampus) | 16 |
| 3.6 | Prosedures en reëls van toepassing op die heraansoek en herplasing van huidige studente (Tygerbergkampus) | 17 |
| 3.7 | Waglysbestuur vir huidige studente (Tygerbergkampus) | 18 |
| 3.8 | Prosedures en reëls van toepassing op die plasing van studente in luister-leef-en-leer-(LLL-)huise | 18 |
| 3.9 | Reëls ten opsigte van heraansoek vir studente in leierskaps-posisies in koshuise | 19 |

3.10 Prosedures en reëls van toepassing op PSO-studente (studente wie van privaat verblyf gebruik maak) wat om koshuisplasing aansoek doen en PSO- leiers in studentehuise (HK-huise) (Stellenbosch-kampus) 20
3.11 Plasing deur Universiteit Stellenbosch Internasionaal (USI) 20
3.12 Plasing deur Maties Sport (Huis Neethling) 21

**4. PROSEDURES EN REËLS VAN TOEPASSING OP OORPLASINGS** 21

**5. PROSEDURES EN REËLS VAN TOEPASSING OP VERBLYFGELDE** 22
5.1 Algemene reëls en prosedures 22
5.2 Prosedures en reëls van toepassing op die kansellasie of opsegging van koshuisverblyf 22

**6. PROSEDURES EN REËLS VAN TOEPASSING OP STUDENTE WAT PRIVAAT WOON (PENDELSTUDENTE)** 23

**7. KOSHUIS- EN VERBLYFREËLS** 24

**Maak asseblief seker dat jy universiteits- of privaat verblyf verkry het voordat jy aan die begin van die akademiese jaar kampus toe kom. Verblyf is nie by die akademiese aanbod ingesluit nie en dit bly die verantwoordelikheid van die aansoeker of die student om geskikte akkommodasie te verkry. Besoek asseblief www.maties.com (verblyf) vir meer inligting oor universiteitsbehuising en privaat verblyf.**

## 1. INLEIDING

Die Bestuursriglyne verskaf die implementeringsplan van die Koshuisplasingsbeleid en moet tesame met die beleid gelees word.

Die oorkoepelende doel van die plasingsbeleid is om die hele leefomgewing van studente aan die Universiteit Stellenbosch (US) – beide binne en buite die klaskamer – te optimaliseer as 'n belangrike bydraende faktor tot die optimalisering van studentesukses. Studente se algehele ervaring van die Universiteit dra by tot hulle uiteindelike sukses of gebrek daaraan. Die Universiteit het dus 'n verantwoordelikheid om daardie ervaring na die beste van sy vermoë te benut en te organiseer.

Die eerste rigsnoer in die beleid is *uitnemendheid* wat deur *diversiteit* versterk word. Dit word deurgaans saam met al die ander bepalings in die plasingsbeleid oorweeg. Diversiteit word as 'n noodsaaklike bydraende faktor in die ontwikkeling van gesonde gemeenskappe en studente-uitnemendheid beskou. Die Universiteit wil dus ook diversiteitryke omgewings in die US-studentegemeenskappe skep. Sodoende erken die Universiteit dat studente in baie opsigte divers is (nie net wat ras betref nie) en dat hierdie diversiteit in die samestelling van studentegemeenskappe, koshuise en ander leefomgewings ingesluit, weerspieël moet word. Daarbenewens moet die diversiteitsprofiel wat die Universiteit in die koshuise nastreef, in lyn wees met die langtermyn-diversiteitsdoelwitte wat deur die instelling gestel word. Op hierdie wyse beoog die beleid om groter inklusiwiteit te bewerkstellig deur te verseker dat studentediversiteit gesamentlik tot groter uitnemendheid sal bydra.

'n Tweede belangrike beginsel in die beleid is dat die mees kwesbare studente verkieslik in koshuise geakkommodeer moet word. Dit is onder andere waarom senior studente ná die normale duur van hulle voorgraadse program uit grootliks voorgraadse koshuise na ander soorte akkommodasie moet skuif, soos senior koshuise, LLL-huise of privaat verblyf.

# 2. VOORNEMENDE EERSTEJAARSTUDENTE IN VOORGRAADSE KOSHUISE

## 2.1 Plasingskriteria vir eerstejaarstudente in voorgraadse koshuise

2.1.1 *Plasingskategorie: Akademiese prestasie*

Plasing vind op grond van akademiese prestasie plaas. Aanbiedings in dié kategorie berus op die aansoeker se graad 11-eindeksamenpunte, soos by aansoek vereis, indien die aansoeker in hulle graad 12-jaar aansoek doen. Indien die student reeds gematrikuleer het, word die graad 12-eindeksamenpunte as kriterium vir akademiese prestasie gebruik.

2.1.2 *Plasingskategorie: Diversiteit*

2.1.2.1 Wat diversiteit betref, word studente op grond van die volgende vyf faktore geklassifiseer:

(a) Suid-Afrikaanse of buitelandse burgerskap
(b) Voorkeurtaal (Afrikaans, Engels of ander)
(c) Ras (Asiaties, bruin, Indiër, swart Afrikaan of wit)
(d) Eerstegenerasie- of nie-eerstegenerasiestudent
(e) Sosio-ekonomiese klas (vir studente wie finansiële bystand benodig en vir ’n beurs soos NSFAS in aanmerking kom)

2.1.2.2 Bestuur bepaal jaarliks ’n diversiteitsprofiel wat in koshuisplasings nagestreef moet word. Die profiel word bereken met inagneming van die Universiteit se strategiese doelwitte en die bestaande studentesamestelling.

2.1.2.3 Ongeag hulle diversiteitsprofiel, sal geen nuwelingeerstejaarstudent met ’n gemiddeld van minder as 60% in graad 11 of 12 in ’n koshuis geplaas word nie, tensy om spesiale redes, byvoorbeeld studente wat vir verlengde graadprogramme (VGP’s) moet inskryf, studente met gestremdhede wat koshuisplasing noodsaak of indien ’n spesifieke teiken bereik moet word.

2.1.3 *Plasingskategorie: Spesiale plasings*

Plasing op grond van verdere spesiale bepalings in die beleid vind in noue samehang met die eerste twee plasingskategorieë plaas, naamlik akademiese prestasie en diversiteit, en verteenwoordig nie bykomende plasings nie.

2.1.3.1 **Bloemhof Beursfonds Trust (BBT)**: 40 dames + 5 mans = altesaam 45. Die name van die aansoekers moet die Kantoor vir Studente-akkommodasie elke jaar teen ’n vasgestelde datum bereik. Die nominasies vir plasing word nie deur die Universiteit gemaak nie, maar deur die BBT kragtens ’n regsooreenkoms tussen die BBT en die US.

2.1.3.2 **VGP-plasings:** minstens 40 dames + 40 mans = altesaam 80. Hierdie plasings word eweredig oor die koshuise versprei (ongeveer vier per koshuis).

2.1.3.3 **Sportplasings**: 35 dames + 35 mans = altesaam 70. Die voorgestelde teiken vir swart Afrikaan, bruin, Indiër en Asiatiese studente is 40% van plasings. Die name van die aansoekers moet die Kantoor vir Studente-akkommodasie elke jaar teen die vasgestelde datum bereik. Maties Sport is verantwoordelik om studente vir plasing te nomineer. Plasing in Huis Neethling, ’n koshuis vir sportpresteerders,

word ook deur Maties Sport behartig.

2.1.3.4 **Rektor se diskresionêre plasings**: Plasing van studente op grond van strategiese redes, soos deur die Rektor versoek.

2.1.3.5 **Plasing van studente met gestremdhede**: Plasing van studente met gestremdhede wat Universiteitsbehuising noodsaak. Plasing word in oorleg met die Eenheid vir Gestremdhede en die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling gedoen.

2.1.4 *Plasings op die Tygerbergkampus*

2.1.4.1 Koshuisplasings op die Tygerbergkampus word op grond van dieselfde plasingskriteria gemaak wat in paragraaf 2.1.1 tot 2.1.2[1] uiteengesit is.

2.1.4.2 Finansiële bystand op grond van finansiële behoeftigheid word ook deurlopend as kriterium vir plasing oorweeg.

2.1.4.3 In gevalle waar plekke beperk is, word aspekte soos afstand vanaf kampus en buitengewone persoonlike omstandighede in ag geneem.

2.1.4.4 Die algehele demografiese samestelling van alle koshuisplasings word ook in verhouding tot die demografiese samestelling van programme gemonitor.

2.1.5 Die Registrateur, synde die Universiteitsbestuurder in wie se verantwoordelikheid-sentrum (VS) die beleid val, is verantwoordelik daarvoor om die jaarlikse wysiging van spesifieke getalle en/of persentasies en ander besonderhede vir die toepassing en implementering van die beleid te bepaal.

## 2.2 Prosedures en reëls van toepassing op die plasing van voornemende studente

2.2.1 Reserverings- en plasingseëls:

2.2.1.1 Die plasingsbeleid maak voorsiening vir spesifieke plasingskategorieë. Die beleid is beskikbaar op die webtuiste vir voornemende studente, www.maties.com ("Verblyf").

2.2.1.2 Koshuisverblyf is beperk en onderhewig aan 'n keuringsproses. **Gevolglik is daar geen waarborg dat studente 'n plek in 'n koshuis of in die koshuis van hulle keuse sal kry nie.**

2.2.1.3 Om vir 'n koshuisplasing oorweeg te word, moet aansoekers reeds 'n programaanbod van die Universiteit ontvang het. Indien aansoekers se programkeuses onderhewig is aan uitgebreide keuring (soos 'n program in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe), beveel ons aan dat 'n alternatiewe programkeuse aangedui word. Sodoende kan voornemende studente verseker dat hulle steeds vir 'n plek in 'n koshuis vir hulle alternatiewe keuse oorweeg word sou hulle nie vir hulle eerste studiekeuse aanvaar word nie.

2.2.1.4 Koshuisaansoeke maak deel uit van die algemene aansoekvorm vir toelating tot die US. Voornemende studente kan aanlyn aansoek doen by www.maties.com of kan die Kliëntediens by 021 808 9111 vir enige hulp skakel.

---

[1] Daar word in die Koshuisplasingsbeleid na plasing van Werwingsbeurstoekennings in die koshuise op die Tygerbergkampus verwys. Die Werwingsbeursprojek bestaan nie meer nie. In hierdie opsig is plasings op die Tygerbergkampus met die plasingskriteria op die Stellenboschkampus belyn.

2.2.1.5 Koshuisaansoeke vir **2024** sluit op **31 Julie** van die aansoekjaar. Laat aansoeke sal nie aanvaar word nie.

2.2.1.6 Koshuisaansoeke vir die **Tygerbergkampus:**

(a) Let asseblief daarop dat MBChB-, Dieetkunde-, Verpleegkunde- sowel as Fisioterapiestudente (met inbegrip van laat keurings aan die begin van die akademiese jaar) nie toegelaat word om van Universiteitsverblyf op die Stellenboschkampus gebruik te maak nie, aangesien hierdie programme vanaf die eerste studiejaar op die Tygerbergkampus aangebied word.

(b) Selfs al het jy 'n koshuisplasing op die Stellenboschkampus ontvang op grond van keuring vir jou tweedekeuseprogram, **word 'n plek in 'n koshuis op die Tygerbergkampus nie gewaarborg nie**.

(c) Studente wat keuring vir Arbeidsterapie (eerste jaar) en Spraak-Taal- en Gehoorterapie (eerste en tweede jaar) ontvang, sal nie op die Tygerbergkampus gehuisves word nie. Hulle kan vir koshuisplasing op die Stellenboschkampus aansoek doen, aangesien hierdie programme in die eerste jaar en die eerste en tweede jaar onderskeidelik daar aangebied word.

(d) Dit is die aansoeker se verantwoordelikheid **om privaat verblyf te vind** indien hulle nie 'n koshuisplasing op die Tygerbergkampus ontvang nie.

2.2.1.7 Studente wat tot die volgende programme toegelaat word, word nie in koshuise op die Stellenboschkampus gehuisves nie: BAgric (Elsenburg), 'n program aan die Bestuurskool (Bellvilleparkkampus), of 'n telematiese onderrigprogram (afstandsonderrig).

2.2.1.8 Studente wat by die Universiteit registreer vir vakke of modules wat **nie tot die verwerwing van 'n volwaardige kwalifikasie aan die Universiteit lei nie** (bv. spesiale studente), kwalifiseer ook nie vir koshuisplasing nie.

(a) Hierdie reël is ook van toepassing op studente wat leierskapsposisies in koshuise beklee.

(b) Spesiale of kortkursusstudente, asook studente wat toelating tot die SciMathUS- (of soortgelyke) program verkry, word nie in 'n universiteitskoshuis gehuisves nie.

2.2.1.9 Geregistreerde voltydse studente aan die Universiteit wat in dieselfde studiejaar ook voltyds werk en daarvoor betaal word, mag nie van Universiteitsverblyf gebruik maak nie.

2.2.1.10 Aanbiedinge sal volgens die plasingskriteria aan aansoekers gemaak word. Die aansoekstatus van studente wat 'n aanbod vir plasing in 'n Stellenboschkoshuis ontvang, sal na "Gereserveer" op www.maties.com verander. Op hierdie tydstip is studente egter nog nie in 'n spesifieke koshuis geplaas nie.

2.2.2 **<u>Betaling van die aanvaardingsbedrag</u>**

2.2.2.1 Aansoekers sal 'n plasingsbrief ontvang wat vereis dat 'n aanvaardingsbedrag van R5 100 teen 'n bepaalde datum betaal moet word. Die bedrag sal na die aansoeker se studenterekening gekrediteer word.

2.2.2.2 Betaling van die aanvaardingsbedrag bevestig dat die aansoeker die plek in die koshuis aanvaar, asook die bepalings van die plasingsbeleid, die bestuursriglyne, sowel as die bepalings en voorwaardes wat saam met die reserveringsbrief aan hulle gestuur word (en ook op www.maties.com gepubliseer word).

2.2.2.3 Indien die aanvaardingsbedrag nie teen die sperdatum ontvang word nie, sal die student se aansoek om koshuisplasing gekanselleer word. Die student se aansoekstatus op www.maties.com sal dus na "Gekanselleer" verander.

2.2.2.4 Internasionale studente

(a) Die Universiteit se Internasionale Kantoor beskou die aanvaardingsbedrag van R5 100 as deel van die verpligte eerste paaiement vir koshuisgelde. Die volle eerste paaiement vir koshuisgelde van R25 000 en etekwota van R15 000 is betaalbaar voor of by registrasie.

(b) Sodra die verpligte aanvaardingsbedrag vir koshuisgelde op die studenterekening reflekteer, kan die student 'n verblyfbevestigingsbrief vir visumaansoekdoeleindes by interhouse@sun.ac.za versoek.

(c) Besoek asseblief www.sun.ac.za/international > *International Students* > *Fees* vir meer inligting oor gelde vir internasionale studente.

2.2.2.5 Finansiële behoefte

(a) Studente kan op grond van die sosio-ekonomiese inligting wat hulle in hulle aansoek aan die Universiteit Stellenbosch verskaf het, gevra word om 'n **verminderde aanvaardingsbedrag** van R500 binne **30 kalenderdae** te betaal om 'n plek in 'n koshuis te waarborg.

(b) Indien 'n student **finansiële bystand op grond van behoefte** ontvang, kan hulle van die aanvaardingsbedrag vrygestel word. Indien bewys van hierdie beurs getoon word, kan die student (op grond van die plekke beskikbaar) vir plasing oorweeg word).

(c) Studente kan ook 'n motivering met bewys van finansiële behoefte by info@sun.ac.za indien en vrystelling van die aanvaardingsbedrag versoek.

2.2.2.6 Besonderhede vir die betaling van die aanvaardingsbedrag is soos volg:
*Die Universiteit Stellenbosch (US) is besig om na 'n kontantlose betalingsomgewing op sy kampusse te migreer sodat dit nie meer nodig is vir studente en ouers om kontant op hulle te dra vir sekere betalings nie.*

**AANLYNBETALINGS (EFT of KREDIETKAART) VIA DIE US-WEBWERF**

Volg asseblief die volgende riglyne om 'n aanlynbetaling op die US-webwerf onder "Studentegelde" te maak:

- Maak jou webblaaier oop en gaan na www.maties.com
- Kliek op "Gelde"
- Kies "Aanlyn betaling van studentegeld"
- Volg die instruksies en betaal via kredietkaart of EFT (elektroniese oorplasing)

2.2.3 **Plasing in 'n koshuis**:

2.2.3.1 Plasing in spesifieke koshuise vind plaas wanneer die reserveringsproses afgehandel is. Dit gebeur gewoonlik teen die **einde van September**. Die koshuis waarin die student geplaas word, sal onder "Aansoekstatus" op www.maties.com verskyn en sal ook in 'n plasingsbrief bevestig word.

2.2.3.2 Die plasingsprosedure vir die Stellenboschkampus sal teen **31 Oktober** afgehandel wees.

2.2.3.3 Indien 'n student op enige tydstip nie meer in 'n koshuis geplaas wil word nie, moet die plek gekanselleer word deur 'n e-pos na info@sun.ac.za te stuur.

2.2.3.4 Let asseblief op die volgende belangrike punte met betrekking tot plasing in 'n Universiteitskoshuis:

(a) Koshuisverblyf is beperk, so die Universiteit kan nie waarborg dat studente 'n plek in 'n koshuis of in die koshuis van hulle keuse sal kry nie.

(b) Indien 'n student nie in hulle voorkeurkoshuis geplaas word nie, beteken dit dat die kategorie waarin hulle in daardie koshuis geplaas sou word, reeds gevul is (sien "Plasingskategorieë" in afdeling 2 van hierdie dokument).

(c) Ooreenkomstig die beginsels van die koshuisplasingsbeleid om 'n eweredige verspreiding van studente vanuit diverse agtergronde in alle koshuise te bewerkstellig, word geen oorplasings tussen koshuise toegelaat nie.

(d) Die Universiteit behandel alle studente dieselfde, ongeag of hulle ouers oud-Maties is. Daar word nie op grond van ouers se alumnusstatus voorkeur aan aansoekers verleen nie.

(e) Aangesien verskillende plasingskategorieë gebruik word, kan dit gebeur dat studente met laer punte voor diegene met hoër punte geplaas word.

(f) Daar is GEEN enkelkamers vir eerstejaars beskikbaar nie, behalwe in Majuba en Metanoia.

(g) Die Universiteit oorweeg slegs senior studente vir plasing in studentehuise en Universiteitswoonstelle.

(h) Alle koshuisplasings is voorwaardelik. Koshuisplasing waarborg nie toelating tot die Universiteit nie. Indien 'n student byvoorbeeld aan die einde van graad 12 nie aan die Universiteit se toelatingsvereistes voldoen nie, sal enige aanbod om koshuisplasing verval.

(i) Daar is baie min parkeerplek op kampus. Senior studente kry voorkeur wanneer koshuisparkeerplek en parkeerplek op straat toegewys word.

(j) Koshuise op die Stellenboschkampus word vir die Junie- en Desember-vakansie ontruim. Daar word van studente verwag om voor hulle vertrek al hulle besittings uit hulle kamers te verwyder. Die meeste koshuise het bergingsfasiliteite.

2.2.3.5 Indien die aansoeker teen 31 Oktober nog nie 'n gereserveerde of bevestigde plek in 'n koshuis gekry het nie, is die aansoek om koshuisplasing onsuksesvol. Die Universiteit sal vroeg in November die status met die aansoeker bevestig. Dit sal ook onder "Aansoekstatus" op www.maties.com verskyn. Indien die student steeds vir 'n koshuisplek op die Stellenboschkampus oorweeg wil word, kan hulle vanaf

1 November op die elektroniese koshuiswaglys by www.maties.com registreer of hulle kan www.maties.com ("Privaat verblyf") besoek om privaat verblyf te bekom.

## 2.3 Prosedures en reëls van toepassing op die bestuur van waglyste vir voornemende studente

2.3.1 **November-waglys**

2.3.1.1 Enige student wat steeds plek in 'n koshuis op die Stellenboschkampus benodig nadat plasing aan die einde van Oktober afgehandel is, kan vanaf **1 November** op die elektroniese koshuiswaglys by www.maties.com registreer.

2.3.1.2 Die waglys is aktief tot 31 Januarie en vanaf **1 Februarie** sal 'n nuwe waglys vir geregistreerde studente oopmaak.

2.3.1.3 Let asseblief op die volgende:

(a) Dieselfde plasingskategorieë word vir ander plasings gebruik (sien paragraaf 2.1 van hierdie riglyne). Dit is dus moontlik dat 'n student wat laer op die waglys is op grond van een van die plasingskategorieë voor ander studente wat hoër op die lys is, geplaas kan word.

(b) **Kragtens die koshuisplasingsbeleid, word voorkeur verleen aan studente op die waglys wat op grond van finansiële behoefte befonds word.** Faktore soos afstand vanaf kampus en buitengewone persoonlike omstandighede word ook oorweeg wanneer finansieel behoeftige studente op die waglys geprioritiseer word.

(c) Studente se posisie op die waglys sal voortdurend verander namate meer kandidate registreer.

(d) Wat akademiese prestasie betref, sal matriekpunte gebruik word sodra die Universiteit dit ontvang en geverifieer het. Wanneer 'n plek in die koshuis beskikbaar word, sal die Kantoor vir Studente-akkommodasie 'n aanbod aan die student maak.

(e) Hou asseblief in gedagte dat 'n plek in 'n koshuis of in die koshuis van 'n student se keuse só laat in die proses beperk is. Ons beveel sterk aan dat studente privaat verblyfopsies oorweeg. Besoek www.maties.com ("Privaat verblyf") vir meer inligting oor privaat verblyf.

2.3.2 **Februarie-waglys**

2.3.2.1 Die elektroniese waglys van November verval op **31 Januarie**, waarna 'n nuwe waglys oopmaak. Enige geregistreerde studente wat hulle name op hierdie nuwe Februarie-waglys wil registreer, kan dit by my.sun.ac.za (onder "Verblyf" en dan "Koshuiswaglys (huidige studente)") doen.

2.3.2.2 Ongelukkig is daar op hierdie laat stadium geen waarborg dat 'n student 'n plek sal ontvang of in die koshuis van hulle keuse geplaas sal word nie.

2.3.2.3 Wat akademiese prestasie betref, sal die Universiteit nou die student se eindeksamenpunte (graad 12) in ag neem.

2.3.2.4 Studente se posisie op die waglys sal voortdurend verander namate meer kandidate registreer en ander kanselleer.

2.3.2.5 **Die plasingskriteria (sien 2.1) en spesifiek die regulasie in 2.3.1.3 (b) sal steeds geld.**

(a) Kragtens die koshuisplasingsbeleid, word voorkeur verleen aan studente op die waglys wat op grond van finansiële behoefte befonds word.

(b) Faktore soos afstand vanaf kampus en buitengewone persoonlike omstandighede word ook in ag geneem wanneer finansieel behoeftige studente op die waglys geprioritiseer word.

(c) Dit beteken dat 'n student met 'n laer graad 12-gemiddeld of wat op 'n later tydstip op die waglys geregistreer het bo 'n student met 'n hoër akademiese gemiddeld geplaas kan word.

2.3.3 Die Kantoor vir Studente-akkommodasie sal studente per telefoon en/of e-pos met 'n koshuisplasingsaanbod kontak. Indien 'n student versuim om binne die gevraagde tydperk te reageer, sal die student vir die volgende beskikbare koshuisplek geprioritiseer word indien hulle steeds 'n koshuisplek wil opneem en sal hulle dus hulle plek op die waglys behou.

## 2.4 Prosedures en reëls van toepassing op die kansellasie van verblyf voor die aanvang van die akademiese jaar (voornemende studente)

2.4.1 Kansellasie van koshuisverblyf word slegs aanvaar indien dit skriftelik gedoen word. **Voornemende studente** wat hulle koshuisverblyf wil kanselleer, moet dus 'n e-pos na info@sun.ac.za stuur met vermelding van hulle studentenommer en die rede vir kansellasie.

2.4.2 Sonder sodanige kennisgewing sal studente nie vir enige terugbetaling van die aanvaardingsbedrag in aanmerking kom nie.

2.4.3 Die datum van ontvangs van die skriftelike kennisgewing sal as die amptelike datum vir die berekening van enige verskuldigde bedrae gebruik word.

2.4.4 In geval van kansellasies, sal die aanvaardingsbedrag soos volg hanteer word:

2.4.4.1 Vir kansellasies **voor of op 31 Oktober** van die jaar wat die betrokke losiesjaar voorafgaan, sal die volle koshuisaanvaardingsbedrag terugbetaal word.

2.4.4.2 Waar die koshuisaanvaardingsbedrag terugbetaal moet word, moet studente die bankbesonderhedevorm voltooi.

2.4.4.3 Enige kansellasie ná 31 Oktober is aan 'n kansellasiefooi van **R900** onderworpe**.**

2.4.4.4 Indien 'n student hulle plasing 'n week na die vrystelling van die Nasionale Senior Sertifikaat-uitslae kanselleer, sal die volle aanvaardingsbedrag verbeur word.

2.4.4.5 **Studente wat sonder enige vooraf reëlings nie teen die aanvang van die verwelkomingsprogram by die koshuis opdaag nie, verbeur ook die volle aanvaardingsbedrag, en die Universiteit behou die reg om hulle koshuisplekke te kanselleer**.

2.4.4.6 Studente wat nie toelating tot hulle voorgenome program kry nie of wat weens omstandighede buite hulle beheer nie kan gebruik maak van die koshuisplek waarvoor hulle reeds die vereiste aanvaardingsbedrag betaal het nie, kan deur middel van 'n volledig gemotiveerde brief aansoek doen om terugbetaling van die aanvaardingsbedrag. Die brief moet aan die Kantoor vir Studente-akkommodasie

gerig en na info@sun.ac.za gestuur word.

2.4.4.7 Terugbetaling van enige geld berus egter by die Universiteit.

2.4.5 **’n Koshuisplek word vir die volle akademiese jaar toegeken. Indien studente hulle verblyf ná die aanvang van die akademiese jaar kanselleer, moet ’n kansellasiefooi van 30% van die uitstaande verblyfgeld betaal word indien geen plaasvervanger op die Kantoor vir Studente-akkommodasie se waglys gevind word nie**.

# 3. SENIOR STUDENTE IN VOORGRAADSE KOSHUISE, SENIOR KOSHUISE, STUDENTEHUISE EN/OF LUISTER-LEEF-EN-LEER-(LLL-)HUISE

## 3.1 Algemene reëls ten opsigte van heraansoek en herplasing

3.1.1 Alle plasings bly onderhewig aan die bepalings van die Universiteit se plasingsbeleid. Dit is dus nie ’n gegewe dat enige inwoner van enige koshuis in die volgende jaar in ’n koshuis of ’n spesifieke koshuis geplaas sal word nie.

3.1.2 As uitgangspunt beoog die Universiteit om ten minste 40% van die beskikbare plekke in voorgraadse koshuise aan eerstejaarstudente toe te ken.

3.1.3 **Sluitingsdatums**: Alle studente (Tygerberg- en Stellenboschkampus) wat reeds in ’n Universiteitskoshuis of privaat woon, moet voor **31 Julie** elke jaar elektronies by my.sun.ac.za aansoek doen om weer in ’n Universiteitskoshuis opgeneem te word.

3.1.4 **Akademiese kriteria:** Sodanige aansoeke sal slegs oorweeg word indien die betrokke studente na die oordeel van die Universiteit **akademies bevredigend presteer** het en **indien daar voldoende koshuisplek beskikbaar is**. Sien asseblief paragraaf 3.2.4 in hierdie opsig.

3.1.5 **Duur:** Aan die hand van die beginsel dat die kwesbaarste studente, naamlik eerstejaarstudente, so ver moontlik in koshuise gehuisves moet word, mag senior studente in **voorgraadse koshuise** in die reël hoogstens vir die **normale duur van die voorgraadse program** waarvoor hulle aanvanklik ingeskryf het in daardie koshuise woon. Studente mag **hoogstens drie jaar** in **senior koshuise, studentehuise en LLL-huise** woon, selfs al het hulle reeds in ’n voorgraadse koshuis gewoon.

3.1.6 **Registrasie vir voltydse programme**: Studente moet vir ’n voltydse program ingeskryf wees om vir Universiteitsverblyf in aanmerking te kom. Indien ’n student nie teen **die einde van Februarie** van die akademiese jaar registreer nie, sal hulle nie in ’n koshuis geplaas word nie en sal hulle plek gekanselleer en aan ’n student op die waglys toegeken word. Studente wat hierdeur geraak word, sal 48 uur gegee word om hulle studenteverblyf te ontruim.

3.1.6.1 Studente wat by die Universiteit registreer vir vakke of modules wat nie tot die verwerwing van ’n volwaardige kwalifikasie aan die Universiteit lei nie (bv. spesiale studente), kwalifiseer ook nie vir koshuisplasing nie. Dit sluit studente in leierskapsposisies in koshuise in.

3.1.6.2 Spesiale of kortkursusstudente, asook studente wat toelating tot die SciMathUS- (of soortgelyke) program verkry, word nie in 'n Universiteitskoshuis gehuisves nie.

3.1.6.3 Geregistreerde voltydse studente aan die Universiteit wat in dieselfde studiejaar ook voltyds werk en daarvoor betaal word, mag nie van Universiteitsverblyf gebruik maak nie.

3.1.7 **Kampus:** Studente wat vir enige van die volgende programme gekeur word (met inbegrip van laat keurings aan die begin van die akademiese jaar), word nie in koshuise op die Stellenboschkampus gehuisves nie: **BAgric (Elsenburg)**; 'n program aan die **Bestuurskool** (Bellvillekampus); MBChB; Fisioterapie; Dieetkunde; Verpleegkunde; of **'n telematiese onderrigprogram** (afstandsonderrig). Studente wat die programme Arbeidsterapie en Spraak-Taal- en Gehoorterapie volg, kan om koshuisplasing op die Stellenboschkampus in hulle eerste jaar (Arbeidsterapie) en eerste en tweede jaar (Spraak-Taal- en Gehoorterapie) aansoek doen

3.1.8 **Studente met gestremdhede wat koshuisplasing noodsaak:** Studente met gestremdhede wat koshuisplasing noodsaak, moet die Kantoor vir Studente-akkommodasie by info@sun.ac.za, sowel as die Eenheid vir Gestremdhede by disability@sun.ac.za kontak.

## 3.2 Prosedures en reëls van toepassing by die heraansoek en herplasing van senior studente in voorgraadse koshuise (Stellenboschkampus)

3.2.1 Alle inwoners van voorgraadse en senior koshuise wat aansoek doen om vir 'n betrokke jaar weer in 'n koshuis opgeneem te word, se opname word volgens hulle akademiese prestasie in die Junie- en die November-/Desember-eksamen van die voorafgaande jaar of jare bepaal.

3.2.2 In die reël word studente wat 21 jaar oud en jonger is vir herplasing in voorgraadse koshuise oorweeg.

3.2.3 Die Universiteit behou die reg om op grond van die **Junie-eksamenuitslae** en studierekords van die voorafgaande jaar of jare verblyf voorwaardelik aan heraansoekers toe te ken of te weier. Indien studente se akademiese prestasie sodanig is dat hulle nie aan die vereistes vir akademiese hertoelating voldoen nie, sal geen koshuisplek aan hulle toegeken word nie.

3.2.4 Let asseblief op die volgende belangrike punte wat die **vereistes vir herplasing in koshuise** op die Stellenboschkampus betref:

3.2.4.1 Herplasingsvereistes vir koshuise is slegs 'n voorlopige aanduiding en kan van jaar tot jaar opwaarts aangepas word om aan die gestelde diversiteitsteikens te voldoen.

3.2.4.2 Die minimum modulekredietvereistes vir heraansoek om voortgesette koshuisverblyf kan jaarliks aangepas word.

3.2.4.3 Vir die normale duur van 'n student se kurrikulum word verwerfde krediete volgens die **HEMIS-(Hoër Onderwys Inligtingbestuurstelsel-)kredietstelsel** vir akademiese hertoelating tot die Universiteit bereken.

(a) Een HEMIS-krediet is gelykstaande aan die totale getal modulekrediete wat vir 'n bepaalde jaargang van 'n bepaalde program voorgeskryf word. Een HEMIS-krediet is byvoorbeeld gelyk aan 126 modulekrediete in die geval van 'n BA (eerste jaar), 133 modulekrediete in die geval van 'n BSc (nie-finale jaar), en 144 modulekrediete in die geval van gewone 'n BCom (nie-finale jaar).

(b) Volledige besonderhede van die berekenings wat aan die hand van die HEMIS-skaal gedoen word, verskyn onder "Hertoelating na onsuksesvolle studie" in deel 1 van die Universiteit se jaarboek.

(c) Vir jaarvakke waarvoor daar slegs 'n vorderingspunt beskikbaar is, moet 'n vorderingspunt van 48% behaal word om die helfte van die betrokke module se krediete in berekening te bring. Vir vorderingspunte laer as 48% word geen krediete in daardie module in berekening gebring nie.

(d) In die geval van tweedesemester- en jaarmodules waarvoor daar nie 'n prestasiepunt aan die einde van die jaar beskikbaar is nie, of waar 'n prestasiepunt van 48 behaal is en die tweede eksamen nog nie geskryf is nie, word 'n prestasiepunt P = 48 of 'n klaspunt K = 50 as voldoende aanvaar vir die doeleinde van koshuistoelating in die daaropvolgende jaar.

(e) Indien 'n student modules herhaal wat hulle reeds geslaag het ten einde hulle punte te verbeter, sal die krediete nie weer bygevoeg word nie omdat die student die krediete reeds in 'n vorige akademiese jaar ontvang het.

(f) Krediete vir kortkursusse word nie met HEMIS-berekening in aanmerking geneem nie.

(g) Let wel dat die vereiste HEMIS-krediete om 'n akademiese program voort te sit en die vereiste HEMIS-krediete vir herplasing in 'n koshuis verskil.

3.2.4.4 Die akademiese prestasie van 'n student ná bogenoemde beoordeling sal bepaal of verblyf voorwaardelik toegeken word of nie op daardie tydstip toegeken word nie.

3.2.4.5 Tabel 1 en 2 dui die HEMIS-krediete aan waaraan studente in die Junie-eksamen moet voldoen om weer voorlopig vir 'n koshuisplek in die volgende jaar in aanmerking te kom:

**Tabel 1: HEMIS-krediete op grond van Junie- eksamenuitslae in <u>hoofstroomprogramme</u> om vir voorlopige hertoelating tot 'n koshuis in die volgende jaar te kwalifiseer (glyskaal A1)**

| **Historiese jare** | **0,5** | **1,5** | **2,5** | **3,5** | **4,5** | **5,5** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **HEMIS-krediete** | 0,3375 | 1,16 | 2,0825 | 2,7 | 3,6 | 4,00 |

**Tabel 2: HEMIS-krediete op grond van Junie-eksamenuitslae in goedgekeurde <u>verlengde graadprogramme</u> om vir voorlopige hertoelating tot 'n koshuis in die volgende jaar te kwalifiseer (glyskaal B1)**

| **Historiese jare** | **0,5** | **1,5** | **2,5** | **3,5** | **4,5** | **5,5** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **HEMIS-krediete** | Nie van toepassing nie | 0,8 | 1,232 | 1,8 | 2,7 | 3,6 |

3.2.4.6 Studente in **verlengde graadprogramme (VGP's)** word nie in jaar 1 ná die Junie-eksamen aan die hand van die voorlopige koshuishertoelatingskriteria (ingevolge glyskaal B1, tabel 2) gemeet nie. VGP-studente moet wel ná die Desember-eksamen aan die HEMIS-kredietvereistes vir hertoelating tot 'n koshuis in die daaropvolgende jaar voldoen.

(a) Vanaf jaar 2 geld bogenoemde vereistes vir koshuishertoelating, eers ingevolge glyskaal B2 en daarna B1. Indien VGP-studente om hertoelating tot 'n fakulteit moet aansoek doen, verloor hulle hulle koshuisplasing. Jaar 4,5 en 5,5 hierbo (in tabel 1 en 2) geld vir studente in leierskapsposisies.

(b) Indien 'n student nie die Junie-eksamengeleentheid benut nie, word die klaspunt in berekening gebring, wat 48% of hoër moet wees om enige kredietgewig te dra. In die geval van 'n jaarmodule, moet die vorderingspunt 48% of hoër wees, in welke geval die helfte van die module se krediete tot die student se voordeel gereken word.

(c) Afgesien van die vereistes in tabel 2, word ten minste 0,20 HEMIS-krediete ten opsigte van elke betrokke semester vereis.

3.2.4.7 Sou studente hulle koshuisplasing in Junie verloor, kan hulle 'n motivering vir heroorweging by hulle inwonende hoof indien. Indien hulle daarin slaag om die vereiste krediete in Desember te behaal (ingevolge tabel 3 en 4 hieronder), kan hulle teruggeplaas word indien plek beskikbaar is.

3.2.4.8 Tabel 3 en 4 dui die HEMIS-krediete aan waaraan studente in die Desember-eindeksamen moet voldoen om hulle voorlopige koshuisplek, wat op grond van die Junie-eksamen toegeken is, vir die volgende jaar te behou.

3.2.4.9 Die numeriese faktor word tot die tweede desimale syfer bereken en telkens opwaarts aangepas indien die breuk meer as twee desimale syfers bevat. Let ook daarop dat akademiese hertoelating by glyskaal B2 (tabel 4) voorkeur geniet. Dit impliseer dat studente wat weer tot hulle fakulteit toegelaat word, ook hertoelating tot die koshuis kry, behalwe as die fakulteit se hertoelatingsperk laer is as die perke in glyskaal B2 (tabel 4). Jaar 5 en 6 (tabel 3 en 4) is van toepassing op studente in leierskapsposisies.

**Tabel 3: HEMIS-krediete op grond van Desember- eksamenuitslae in hoofstroomprogramme om voorlopige koshuisplasing vir die volgende jaar te behou (glyskaal A2)**

| **Historiese jare** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** | **6** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **HEMIS-krediete** | 0,45 | 1,45 | 2,45 | 3,00 | 4,00 | 5,00 |

**Tabel 4: HEMIS-krediete op grond van Desember- eksamenuitslae in goedgekeurde verlengde graadprogramme om voorlopige koshuisplasing vir die volgende jaar te behou (glyskaal B2)**

| **Historiese jare** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** | **6** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **HEMIS-krediete** | 0,45 | 1,00 | 1,45 | 2,00 | 3,00 | 4,00 |

## 3.3 Waglysbestuur vir voorgraadse koshuise (Stellenboschkampus)

3.3.1 Nadat die herplasingsproses aan die einde van Augustus afsluit, word die beskikbare plekke en kansellasies in voorgraadse koshuise vir die plasing van voornemende studente toegewys. **Geen waglys sal dus beskikbaar wees vir huidige studente in voorgraadse koshuise tot 1 Februarie van die volgende akademiese jaar nie.**

3.3.2 Die Februarie-waglys vir huidige voorgraadse studente is beskikbaar op die studenteportaal by my.sun.ac.za.

3.3.3 Die beleidsbeginsels (soos uiteengesit in die Koshuisplasingsbeleid) in terme van diversiteit, finansiële behoefte en kwesbaarheid binne die konteks van akademiese prestasievereistes sal steeds van toepassing wees.

3.3.4 Studente wat nie aan die plasingskriteria voldoen het nie, kan ook op die waglys registreer. Hierdie studente sal slegs vir plasing oorweeg word indien daar geen eise van studente op die waglys is wat aan die plasingskriteria voldoen nie.

## 3.4 Prosedures en reëls van toepassing op die plasing van senior studente in senior koshuise (Stellenboschkampus)

3.4.1 Senior studente wat uit voorgraadse koshuise skuif, moet formeel om ’n plek in ’n senior koshuis of LLL-huis aansoek doen.

3.4.2 Vir plasing in senior koshuise in Stellenbosch geld dieselfde twee kernbepalings, naamlik akademiese prestasie en diversiteit.

3.4.3 Die maksimum ouderdom vir studente in senior koshuise en/of LLL-huise is 26 jaar.

3.4.4 Die senior koshuise akkommodeer hoofsaaklik studente wat reeds in ander voorgraadse koshuise gebly het.

3.4.5 Nagraadse studente en studente wat op voorgraadse vlak aan die Universiteit gestudeer het, word op grond van hulle geweegde gemiddeld per krediet vergelyk, en diegene met ’n hoër geweegde gemiddeld per krediet kry voorkeur bo studente met ’n laer geweegde gemiddeld per krediet. Die geweegde gemiddeld per krediet word vir voorgraadse prestasie bereken.

3.4.6 Senior voorgraadse aansoekers (tussen die ouderdom van 22 en 26 jaar) wat vir senior koshuise aansoek doen, moet voldoen aan die akademiese kriteria vir plasing in voorgraadse koshuise, soos in paragraaf 3.2 bepaal.

3.4.7 As gevolg van beperkte plek, kan nuwelingeerstejaars in senior koshuise slegs in senior koshuise geplaas word volgens die waglys wat op 1 Februarie van die nuwe akademiese jaar oopmaak. Ons beveel aan dat nuwe nagraadse studente privaat verblyfopsies oorweeg. Besoek www.maties.com ("Privaat verblyf") vir meer inligting oor privaat verblyf.

3.4.8 Studente mag vir 'n **maksimum tydperk van drie jaar** in senior behuising woon, bv. senior koshuise, studentehuise of LLL-huise, selfs al het hulle reeds in 'n voorgraadse koshuis gewoon. Die tydperk loop op ongeag of die student van koshuis of program verander het.

3.4.9 Senior studente mag vir langer in senior koshuise woon indien hulle tot leierskapstrukture behoort en aan al die akademiese vereistes voldoen.

## 3.5 Waglysbestuur vir senior koshuise (Stellenboschkampus)

3.5.1 Die Kantoor vir Studente-akkommodasie sal studente per telefoon en/of e-pos kontak met 'n koshuisplasingsaanbod. Indien 'n student versuim om binne die gevraagde tydperk te reageer, sal die student vir die volgende beskikbare koshuisplek geprioritiseer word indien hulle steeds 'n koshuisplek wil opneem en sal hulle dus hulle plek op die waglys behou.

3.5.2 **<u>September-waglys vir senior koshuise</u>**

3.5.2.1 Nadat die amptelike herplasingsproses aan die einde van Augustus afsluit, sal 'n waglys vir senior koshuise op **1 September** oopmaak.

3.5.2.2 Wanneer kansellasies in senior koshuise ontvang word, sal die plasing van studente in die volgende volgorde van voorkeur oorweeg word:

(a) Aansoekers van voorgraadse koshuise wat aan die bepaalde akademiese en ouderdomsvereistes voldoen.

(b) Huidige senior studente in senior koshuise wat 'n voorgraadse program volg en die minimum duur van die program oorskry die drie jaar wat vir senior koshuise toegeken is.

(c) Huidige studente wat van privaat verblyf gebruik maak, aan die akademiese (HEMIS-) en ouderdomskriteria voldoen en om senior verblyf vir die volgende jaar aansoek gedoen het.

(d) Kwesbaarheid, finansiële bystand op grond van behoefte en afstand in die konteks van die beleidsbeginsels kan ook in ag geneem word.

(e) Indien plekke beskikbaar is en geen eise vir plek gemaak word van studente op die waglys wat aan die plasingskriteria voldoen nie, mag studente wat nie aan die plasingskriteria voldoen nie, bv. ingevolge die HEMIS-vereiste, minimum duur van drie jaar en studente ouer as 26 jaar, geakkommodeer word.

3.5.3 **<u>Februarie-waglys</u>**: Die September-waglys vir senior verblyf verval op 31 Januarie van die nuwe akademiese jaar. Die nuwe waglys maak op 1 Februarie vir alle studente oop. Enige senior student kan op hierdie waglys registreer.

3.5.3.1 Studente sal volgens akademiese prestasie en ouderdomsvereiste geplaas word. In ooreenstemming sal die volgende kriteria ook oorweeg word:

(a) Kwesbaarheid, finansiële bystand op grond van behoefte en afstand soos uiteengesit in die beleidsbeginsels kan ook oorweeg word.

(b) Ouer voorgraadse eerstejaarstudente wat nie vir voorgraadse koshuise kwalifiseer nie, sal geprioritiseer word.

3.5.3.2 Studente wat nie aan die plasingskriteria voldoen nie kan ook op hierdie waglys registreer. Hulle sal egter slegs vir plasing oorweeg word indien geen eise vir plek gemaak word van studente op die waglys wat aan die plasingskriteria voldoen nie.

## 3.6 Prosedures en reëls van toepassing op die heraansoek en herplasing van huidige studente (Tygerbergkampus)

3.6.1 Alle toelatings bly onderhewig aan die bepalings van die Universiteit se plasingsbeleid. **Dit is dus nie 'n gegewe dat enige inwoner van enige koshuis in die volgende jaar in 'n koshuis of 'n koshuis van hulle keuse geplaas sal word nie.**

3.6.2 Alle studente wat reeds in 'n universiteitskoshuis of privaat woon, moet voor **31 Julie** elke jaar elektronies by my.sun.ac.za aansoek doen om in 'n universiteitskoshuis opgeneem of weer opgeneem te word.

3.6.3 Sodanige aansoeke sal slegs oorweeg word indien die betrokke studente na die oordeel van die Universiteit **akademies bevredigend presteer** het (sien 3.6.8.1) en indien daar voldoende plek beskikbaar is.

3.6.4 Daar is geen voorgraadse koshuise op die Tygerbergkampus nie, maar daar word 'n onderskeid tussen junior en senior koshuise gemaak, en studente beweeg deur die loop van hulle voorgraadse studie van junior na senior koshuise.

3.6.5 Die junior fase vir MBChB-studente word breedweg beskou as die eerste tot die derde jaar, terwyl die senior fase beskou word as die vierde tot die sesde jaar. Vir die aanvullende gesondheidswetenskappe word die junior fase breedweg as die eerste tot die derde jaar beskou, terwyl die senior fase na die vierde jaar verwys.

3.6.6 As uitgangspunt word daar gemik om 'n verhouding van 40 tot 60 eerstejaars tot tweede- en derdejaars in die junior koshuise op die Tygerbergkampus te plaas.

3.6.7 Die (her)aansoeke van studente aan die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe sal in die volgende volgorde en na gelang van die beskikbaarheid van plekke oorweeg word:

3.6.7.1 Huidige studente in Tygerbergkoshuise,

3.6.7.2 Arbeidsterapie-aansoekers wat hulle eerste programjaar en Spraak-Taal- en Gehoorterapie-aansoekers wat hulle tweede programjaar in 'n koshuis op die Stellenboschkampus voltooi het en wat dan na die Tygerbergkampus moet verhuis vir die res van die akademiese program, en

3.6.7.3 Studente wat in privaat verblyf gewoon het

3.6.8 Die herplasingskriteria is as volg:

3.6.8.1 Akademiese prestasie (die geweegde gemiddeld wat aan die einde van die vorige

akademiese jaar behaal is) dien as die primêre kriteria vir herplasing in 'n koshuis. Vir eerstejaars word die Junie-gemiddeld as kriteria vir herplasing in 'n koshuis gebruik.

3.6.8.2 Kragtens die beleid is die doel om diversiteit te verseker en die demografiese profiel van die kampus in koshuise te weerspieël.

3.6.8.3 Verdere kriteria wat ook as herplasingskriteria vir studente op die Tygerbergkampus oorweeg kan word, is diskresionêre faktore soos afstand vanaf kampus, toegang tot vervoer, finansiële en sosiale omstandighede en gesondheidsfaktore.

3.6.8.4 Studente wat ouer as 26 jaar in die jaar van aansoek of heraansoek is, sal slegs vir plasing oorweeg word indien daar geen ander aansoekers op die waglys is nie.

## 3.7 Waglysbestuur vir huidige studente (Tygerbergkampus)

3.7.1 Die Kantoor vir Studente-akkommodasie sal studente per telefoon en/of e-pos met 'n koshuisplasingsaanbod kontak. Indien 'n student versuim om binne die gevraagde tydperk te reageer, sal die student vir die volgende beskikbare koshuisplek geprioritiseer word indien hulle steeds 'n koshuisplek wil opneem en sal hulle dus hulle plek op die waglys behou.

3.7.2 **September-waglys**: Nadat die amptelike herplasingsproses aan die einde van Augustus afsluit, kan alle studente wat nie geplaas is nie op die waglys registreer deur die koshuisplasingsbeampte op die Tygerbergkampus te e-pos.

3.7.3 **Februarie-waglys**: Die September-waglys verval op 31 Januarie van die nuwe akademiese jaar. Die nuwe waglys maak op 1 Februarie vir alle studente oop. Alle studente kan op hierdie waglys registreer deur die koshuisplasingsbeampte op die Tygerbergkampus te e-pos.

3.7.4 Studente wat om herplasing aansoek doen en wat in junior koshuise gewoon het, sal vir senior koshuise geprioritiseer word sodra alle huidige koshuisstudente geplaas is.

3.7.5 Daarna sal pendelstudente oorweeg word.

3.7.6 Studente wat nie aan die plasingskriteria voldoen nie, bv. ten opsigte van ouderdom, kan ook op die waglys registreer. Hierdie studente sal slegs vir plasing oorweeg word indien daar geen eise van studente op die waglys is wat aan die plasingskriteria voldoen nie.

3.7.7 Dieselfde diskresionêre faktore wat in 3.6.8 uiteengesit word, sal van toepassing wees om studente te plaas wat op die waglys is.

## 3.8 Prosedures en reëls van toepassing op die plasing van studente in luister-leef-en-leer-(LLL-)huise

3.8.1 Die diversiteitsprofiel wat vir die LLL-inisiatief nagestreef word, speel 'n bepalende rol. Aansoekers word dus volgens die diversiteitsbehoeftes van die oorkoepelende LLL-inisiatief geplaas. Die diversiteitsprofiel sluit die kategorieë van geslag, ras, fakulteit en nasionaliteit in.

3.8.2 Senior studente doen direk by die LLL-kantoor aansoek om plasing in LLL-huise. Die aansoeke word vir plasing oorweeg nadat dit deur 'n eksterne paneel oorweeg is wat

deur die LLL-kantoor aangewys word.

3.8.3 Studente wat nie vir 'n **voltydse graadprogram** ingeskryf is nie, kwalifiseer nie vir verblyf in LLL-huise nie, soos in paragraaf 3.1.6 uiteengesit. Die maksimum ouderdom vir studente in LLL-huise is 26 jaar, soos in paragraaf 3.4.3 uiteengesit, en studente mag slegs vir 'n maksimum tydperk van drie jaar in senior verblyf woon (senior koshuise, studentehuise en LLL-huise ingesluit), soos in paragraaf 3.4.8 uiteengesit.

3.8.4 Indien 'n aansoek ontvang word van 'n kandidaat wie se plasing diskresionêre magtiging vereis, sal daar skriftelik versoek gedoen word aan die Kantoor vir Studente-akkommodasie en die Sentrum vir Studentegemeenskappe vir oorweging.

## 3.9 Reëls ten opsigte van heraansoek vir studente in leierskaps-posisies in koshuise

3.9.1 Aspirantleiers moet heraansoek doen om koshuisplasing vir die volgende jaar.

3.9.2 Studente kan slegs leierskapsposisies beklee indien hulle vir koshuisplasing kwalifiseer. Leiers wat byvoorbeeld nie aan die vereiste HEMIS-prestasie vir koshuisplasing voldoen of 'n volwaardige kredietdraende graadprogram volg nie (bv. wat as spesiale studente ingeskryf is), kwalifiseer nie vir koshuisplasing nie. Hulle kan dus nie 'n leierskapsposisie in 'n koshuis beklee nie.

3.9.3 Senior studente in voorgraadse koshuise mag in die reël hoogstens vir die normale duur van die voorgraadse program waarvoor hulle aanvanklik ingeskryf het in daardie koshuise woon (die tydperk loop op ongeag of die student van koshuis verander of eers later in die koshuis geplaas is). Indien 'n student egter tot amptelike leierskapstrukture behoort, soos primarius of primaria, huiskomiteelid, klustersameroeper of koshuis-/PSO-mentor, kan die minimum verblyf in 'n koshuis verleng word.

3.9.4 Senior studente in senior koshuise mag ook vir 'n langer tydperk (as die hoogstens drie jaar) bly indien hulle tot leierskapstrukture behoort en aan al die akademiese vereistes voldoen.

3.9.5 Op die Tygerbergkampus kan studenteleiers ook langer as die voorgeskrewe drie jaar in die junior koshuise woon.

3.9.6 Sien ook paragraaf 3.4 vir reëlings met betrekking tot die Tygerbergkampus ten opsigte van die junior en senior fases.

3.9.7 Let asseblief daarop dat slegs 25% van die lede van 'n mentorgroep in 'n koshuis langer as die normale duur van hulle graadstudies by 'n koshuis ingeskryf mag wees.

3.9.8 Senior studente mag vir 'n langer tydperk in senior koshuise woon indien hulle aan leierskapstrukture behoort en aan al die akademiese vereistes voldoen.

3.9.9 Studente wat as SR-lede verkies word, kan vir plasing in beskikbare senior koshuise oorweeg word. SR-lede moet, soos daar van alle leierskapstrukture in koshuise vereis word, aan die akademiese vereistes vir plasing voldoen.

## 3.10 Prosedures en reëls van toepassing op PSO-studente wat om koshuisplasing aansoek doen en PSO-leiers in studentehuise (HK-huise) (Stellenbosch-kampus)

3.10.1 Huidige studente wat privaat woon en vir koshuisverblyf in aanmerking wil kom, kan in die voorafgaande jaar aanlyn by my.sun.ac.za om koshuisplasing aansoek doen.

3.10.2 Daar is egter beperkte plekke beskikbaar in voorgraadse koshuise vir studente wat privaat woon (PSO's) en dit sal op grond van beskikbaarheid toegewys word.

3.10.3 Akademiese prestasie word as primêre kriterium vir plasing in voorgraadse koshuise gebruik. Kyk ook na die reëls ten opsigte van die voorgraadse en senior waglyste in paragraaf 3.3 en 3.5.

3.10.4 Leiers wat tot PSO-huiskomitees verkies word, het die opsie om in PSO-huise en klusterhuise geplaas te word.

3.10.5 Hierdie leiers moet aan die reëls vir die plasing van leiers in koshuise voldoen, soos die minimum akademiese vereistes en die algemene plasingsreëls soos in paragraaf 3.1 uiteengesit.

3.10.6 Indien beskikbare plekke nie deur HK-lede van die spesifieke PSO gevul word nie, sal die beskikbare plek vir 'n mentor, 'n senior huislid of 'n nuweling aan daardie spesifieke PSO aangebied word, in daardie volgorde. Indien daar steeds 'n plek beskikbaar is, sal plasing gedoen word volgens die waglys wat deur die Kantoor vir Studente-akkommodasie bestuur word. Studente wat geplaas word, moet aan die plasingskriteria voldoen.

## 3.11 Plasing deur Universiteit Stellenbosch Internasionaal (USI)

3.11.1 Universiteit Stellenbosch Internasionaal (USI) fokus hoofsaaklik op die plasing van semesterstudente. Party van die plasings wat deur USI se behuisingskantoor gemaak word, is egter binne die opsies van die Suid-Afrikaanse Kantoor vir Studente-akkommodasie. Hierdie opsies is op graadsoekende studente gemik en hulle plasing voldoen aan dieselfde vereistes as vir enige plasing wat deur die Suid-Afrikaanse Kantoor vir Studente-akkommodasie gemaak word (veral ten opsigte van HEMIS-vereistes).

3.11.2 Semesterstudente word geplaas volgens die beginsel van wie eerste kom, word eerste gehelp, maar eers nadat die volgende plasings, wat 80% van alle plasings uitmaak, gemaak is:

- 3.11.2.1 Alle heraansoeke van die vorige semester.
- 3.11.2.2 Alle uitruilooreenkomste met vennootuniversiteite.
- 3.11.2.3 Alle diensleweringsooreenkomste.
- 3.11.2.4 'n Gebalanseerde plasing tussen die getal:
  - (a) Uitruilstudente
  - (b) Onverbonde (*freemover*) studente
  - (c) Verbonde studente
  - (d) Studente in kortprogramme

3.11.3 Die behuisingskantoor volg ook hulle eie siklus vir heraansoek per semester. Eerstesemester- internasionale plasings moet elke jaar voor of op 15 April vir die tweede semester heraansoek doen en alle tweedesemester- internasionale plasings

moet voor of op 15 September vir die eerste semester heraansoek doen.

3.11.4 Vir verdere navrae, stuur gerus ’n e-pos aan interhouse@sun.ac.za.

## 3.12 Plasing deur Maties Sport (Huis Neethling)

3.12.1 Huis Neethling is ’n koshuis wat toegewys is aan Maties Sport studente-atlete. Dis ’n tuiste weg van die huis af wat studente-atlete op sosiale en akademiese vlak bevorder en die prestasie van talentvolle studente-atlete verbeter.

3.12.2 Plasing in Huis Neethling word deur Maties Sport se koshuisplasingskomitee op grond van die volgende kriteria gemaak:

(a) Eerstejaars:
Hoëprestasie-(HP-)kodes – Provinsiale/nasionale verteenwoordiging
Mededingende en ontspanningsportkodes – Nasionale verteenwoordiging en beurshouers

(b) Seniors:
Hoëprestasie-(HP-)kodes – Beurshouers

3.12.3 Maties Sport sal verblyf aan studente-atlete (her)oorweeg indien hulle hoëprestasiebeurshouers is (beurshouers MOET in die hoëprestasiespanne wees).

3.12.4 Indien ’n student nie aan Maties Sport se minimum plasingsvereistes voldoen nie, sal hulle verblyf gekanselleer word.

3.12.5 Indien ’n student na die aanvang van die akademiese jaar kanselleer, sal hulle aanspreeklik gehou word vir ’n kansellasiefooi van 30% van die uitstaande koshuisgelde vir die jaar. Die datum van ontvangs van die skriftelike kennisgewing sal as die amptelike datum vir die berekening van enige verskuldigde bedrae gebruik word.

3.12.6 Geen verskuiwings van Huis Neethling na ander Universiteitskoshuise word toegelaat nie, maar studente-atlete in ander koshuise kan na Huis Neethling oorgeplaas word.

3.12.7 Huis Neethling behoort aan die AmaMaties-kluster en is deel van die Universiteits-koshuisgemeenskap.

# 4. PROSEDURES EN REËLS VAN TOEPASSING OP OORPLASINGS

4.1 Weens die groot vraag na ’n beperkte getal koshuisplekke, sal voornemende studente nie noodwendig in die spesifieke koshuis van hulle keuse geplaas word nie.

4.2 In die lig van die Universiteit se strewe om diversiteit in alle koshuise te bevorder en om studente uit verskillende agtergronde eweredig oor koshuise te versprei, word geen versoeke van voornemende studente vir ’n oorplasing van een koshuis na ’n ander oorweeg nie.

4.3 Die Universiteit behou die reg om ’n student van een Universiteitskoshuis/-huis na ’n ander oor te plaas waar dit nodig geag word.

4.4 Huidige studente sal egter slegs in uitsonderlike gevalle van een koshuis na ’n ander oorgeplaas word. Die Hoof: Studente-akkommodasie kan, in oorleg met betrokke rolspelers soos die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling (SSVO), Kampusgesondheidsdienste (KGD), die Sentrum vir Studentegemeenskappe (SSG) en die

Direkteur: Studente-akkommodasie, 'n versoek om oorplasing goedkeur op grond van:

4.4.1 die beskikbaarheid van plekke in koshuise; en

4.4.2 'n grondige motivering.

4.5 Die Universiteit behou ook die reg om:

4.5.1 te weier om 'n student in 'n Universiteitskoshuis op te neem;

4.5.2 'n koshuisinwoner se losies in Universiteitsverblyf met een week kennisgewing op te sê; en

4.5.3 'n student voortgesette losies in Universiteitsverblyf te ontsê waar 'n student se optrede die vorming van gesonde studentegemeenskappe in gedrang bring.

4.6 Bogenoemde sal, waar nodig, deur die volgende prosedure voorafgegaan word.

4.6.1 'n Komitee wat spesiaal vir dié doel deur die Direkteur: SSG saamgeroep is, sal eerstens bepaal of 'n inwoner se gedrag wel gesonde gemeenskapsvorming dermate ondermyn of ondermyn het dat dit die ontsegging van 'n koshuisplek regverdig; en,

4.6.2 tweedens, of ander reëlings getref kan word om die situasie op te los.

4.6.3 Sodanige komitee sal uit minstens vyf persone bestaan, naamlik die Direkteur: SSG as sameroeper, die Direkteur: Koshuisplasings, 'n personeellid uit die Sentrum vir Studentesake, 'n studenteverteenwoordiger wat deur die Studenteraad aangewys word, en minstens een personeellid uit die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling (SSVO).

# 5. PROSEDURES EN REËLS VAN TOEPASSING OP VERBLYFGELDE

## 5.1 Algemene reëls en prosedures

5.1.1 Alle inligting oor verblyfgelde word in deel 3 van die jaarboek van die Universiteit vervat. **Dit bly die student se verantwoordelikheid om seker te maak dat hulle die toepaslike finansiële reëls en prosedures verstaan.**

5.1.2 Jaarlikse verblyfgelde dek die tydperk van ongeveer 18 Januarie tot 10 Desember in 'n bepaalde jaar (na gelang van hoe die Universiteitskalender daar uitsien, met uitsluiting van die Universiteitsvakansies in die middel en aan die einde van die jaar). Studente moet hulle jaarliks van die betrokke aanvangsdatums vir huiskomitees, eerstejaars en senior studente vergewis. Verblyf gedurende voorgemelde tydperk word nie in die vorm van 'n bepaalde toegewese bed gewaarborg nie, en die Universiteit behou die reg om studente na gelang van behoefte en beskikbaarheid na afloop van die betrokke eerste eksamengeleenthede na ander verblyf te verskuif.

## 5.2 Prosedures en reëls van toepassing op die kansellasie of opsegging van koshuisverblyf

5.2.1 <u>Voor die aanvang van die akademiese jaar</u>

5.2.1.1 Ingeskrewe studente kan voorlopige plasing kanselleer tot en met 30 September van die jaar voor die verblyfjaar waarop die kansellasie betrekking het sonder om vir verblyfgeld vir die volgende jaar aanspreeklik gehou te word.

5.2.1.2 Indien kansellasie ná bogenoemde datum dog voor die aanvang van die akademiese jaar plaasvind, sal die Universiteit 'n kansellasiefooi hef. 'n Kansellasiefooi van R1 000 is betaalbaar vir kansellasie van verblyf **ná 30 September**; R2 000 vir kansellasie **ná 31 Oktober**; en R3 000 vir kansellasie **ná 30 November** van die jaar voor die verblyfjaar waarop die kansellasie betrekking het.

5.2.2 Na die aanvang van die akademiese jaar

5.2.2.1 Indien ingeskrewe studente hulle verblyf wil kanselleer, moet hulle die Kantoor vir Studente-akkommodasie skriftelik daarvan in kennis stel deur 'n e-pos na info@sun.ac.za te stuur of die nodige kansellasievorms by die Kantoor vir Studente-akkommodasie in te vul.

5.2.2.2 Die datum van ontvangs van die skriftelike kennisgewing sal as die amptelike datum vir die berekening van enige verskuldigde bedrae gebruik word.

5.2.2.3 Studente is aanspreeklik vir 'n kansellasiefooi van 30% van die uitstaande verblyfgelde.

5.2.2.4 Studente moet op die dag van kansellasie hulle koshuiskamer ontruim.

5.2.2.5 Indien studente verblyf op grond van siekte kanselleer en 'n bevredigende mediese sertifikaat voorlê, kan hulle van aanspreeklikheid vir die kansellasiefooi onthef word.

5.2.2.6 Terugbetaling van enige koste berus egter by die Universiteit.

# 6. PROSEDURES EN REËLS VAN TOEPASSING OP STUDENTE WAT PRIVAAT WOON (PENDELSTUDENTE)

6.1 Alle studente wat nie in Universiteitskoshuise geplaas word nie, word aan PSO's toegewys. PSO is 'n afkorting vir Pendelstudentegemeenskappe – die gemeenskap wat daarna streef om studente wat nie in Universiteitskoshuise woon nie in staat te stel om, net soos die koshuisstudente, deel te wees van die studentelewe op kampus.

6.2 PSO's **VERSKAF NIE** verblyf nie. **Dit is die student se eie verantwoordelikheid om geskikte privaat verblyf te vind**.

6.3 Die PSO bestaan uit 11 gemeenskappe, naamlik Oude Molen, Pieke en Vesta (uitsluitlik mansgemeenskappe); Aristea, Equité, Silene en Venustia (uitsluitlik damesgemeenskappe); en Aurora, Capri, Olympus en Osler (gemengde mans-en-damesgemeenskappe, met laasgenoemde op die Tygerbergkampus). Dié gemeenskappe word deur die PSO-koördineerders in die Sentrum vir Studentegemeenskappe bestuur.

6.4 Alle studente wat privaat woon, is onderworpe aan die reglement van die Universiteit Stellenbosch en die privaatgemeenskappe waarvan hulle lid is.

6.5 Kragtens 'n besluit van die Raad is alle privaat studente verplig om aan die Pendelstudentegemeenskap (PSO) te behoort en PSO-ledegeld te betaal.

6.6 Studente wat in geakkrediteerde privaat verblyf woon, vorm steeds deel van die betrokke PSO.

6.7 Wat PSO- en dus ook klusterindelings betref, is dit eweneens belangrik om die twee kernbepalings, naamlik akademiese prestasie en diversiteit, na te streef.

6.8 Dieselfde mikpunt word ook nagejaag, naamlik om studente so in te deel dat dit tot die vorming van gesonde, diverse gemeenskappe sal bydra, wat op sy beurt optimale vorming en ontwikkeling in die buiteklaskonteks en uiteindelike sukses (akademiese en ander) sal verseker.

6.9 Ten einde die bogenoemde doelwitte te behaal, word studente ingevolge die Universiteit se plasingsbeleid ewekansig by PSO's, en sodoende ook by een van die sewe klusters, ingedeel.

6.10 'n Kluster is 'n groep koshuise wat hoofsaaklik geografies gegroepeer is en waarby een PSO (in geval van 'n geïntegreerde mans-en-damesgemeenskappe) of twee PSO's (in die geval van afsonderlike mans- en damesgemeenskappe) ingedeel word om 'n studentegemeenskap (tans ongeveer 2 500 tot 3 000 studente) te vorm. So 'n kluster met koshuise en PSO's word oorkoepelend deur 'n ResEd-koördineerder, met bystand deur 'n studenteleierskapstruktuur, bestuur. Die kluster is 'n kleiner studentegemeenskap wat daarop ingestel is om die gehalte van alle studente se Universiteitservaring te verhoog en in die besonder PSO-studente se integrasie by die kampuslewe-ekostelsel te verbeter.

6.11 Die klusters is: Wimbledon (Eendrag, Helshoogte, Sonop, Irene, Aristea, Vesta, Huis Russel Botman en die LLL-eenheid); Victoria (Monica, Harmonie, Wilgenhof, Oude Molen, Silene en Huis de Villiers); Vicmeyr (Dagbreek, Majuba, Minerva, Huis Ten Bosch, Lydia en Aurora); amaMaties (Serruria, Nemesia, Erica, Helderberg, Capri en Equité); Validus (Simonsberg, Huis Visser, Huis Marais, Goldfields, Academia en Olympus); Rubix (Nerina, Metanoia, Heemstede, Venustia en Pieke); en Tygerberg (Nkanyini, Meerhof, Huis Francie van Zijl, Hippokrates, Huis Nkosi Johnson, Ubuntu en Osler).

6.12 Benewens die bogenoemde gemeenskappe, is daar al sedert 2021 'n loodsprojek aan die gang, genaamd die .Net-projek. Hierdie projek bestaan uit drie senior studentegemeenskappe wat senior en nagraadse studente, postdoktorale studente ingesluit, in die kampuslewe-ekostelsel verwelkom, oriënteer en integreer. Op hierdie tydstip is plasing vrywillig en kan studente soos nodig aansluit. Die PSO-kantoor sal dit dienooreenkomstig bywerk sodra besluite op 'n institusionele vlak geneem is.

## 7. KOSHUIS- EN VERBLYFREËLS

7.1 Die koshuis- en verblyfreëls word op die webwerf vir voornemende studente (www.maties.com), sowel as op die studenteplatform by my.sun.ac.za gepubliseer.

7.2 Dit bly die student se verantwoordelikheid om seker te maak dat hulle die reëls en prosedures van koshuise en verblyf verstaan.

Opgestel en goedgekeur deur die Kantoor vir Studente-akkommodasie, die Sentrum vir Studentegemeenskappe, die Sentrum vir Studente-administrasie (Tygerbergkampus), Studentegelde, Maties Sport en Universiteit Stellenbosch Internasionaal.

**Mei 2023**